

**11 Augustus      Skrifgedeelte: Josua 11:1-12:1,6,7,24 (OAV)**  
**Fokusgedeelte: Josua 11:23**

**Na die lang aardse stryd kom die ewige rus**

Die noordelike gebiede van die land moet nou verower word. Net soos met die suidelike gebiede span 'n groot getal konings en volke saam teen Israel. Hulle getalle is soos die sand van die see. Hulle beskik oor die beste oorlogstuig: 'n groot getal perde en strydwaens. Net soos Israel destyds te voet teen die Egiptenare se perde en strydwaens te staan gekom het, so staan Israel nou weer weerloos. Tog sê die Here (11:6): "Moenie vrees nie!" Hy sal hulle aan Israel oorgee. Vertrou maar net op die Here. Selfs die toekoms is in sy hande: "... want mōre sulke tyd sal ..." (11:6).

In die beskrywing van hierdie lang oorlogstryd (11:18) val drie sake op: Eerstens gee die Here die oorwinning, want Hy bestier en beskik oor alles. Selfs die ingesteldhede van mense is in sy hand: "Want die Here het dit so bestier dat hulle hul hardnekkig voorgeneem het om Israel te bestry..." (11:20). Dit is nie die krag van 'n man of dié van 'n perd nie, maar die Here wat beskik.

Tweedens val dit op dat Josua-hulle die gevegte aangepak het soos die Here hulle beveel het (11:9,15,23). Dit is in gehoorsaamheid aan sy Woord.

Derdens word dit duidelik dat, al duur die stryd hoe lank daar aan die einde tog rus kom (11:23). God maak beloftes en vervul dit ook.

Ons daaglikse lewe is dikwels ook 'n stryd teen 'n oormag. Ons drie aartsvyande is die duiwel, die wêreld en ons eie sondige natuur. Beveg hierdie oormag met die krag wat God gee (Fil 4:13). Beveg dit vanuit en met God se Woord. Vertrou op God alleen. Volhard want na 'n lang stryd volg daar rus. Die ewige rus (sabbat) bring vrede en bring jou tuis.

Sing: Skrifberyming 53:1-4

Ds AH Stavast (Mosselbaai)